

Since 1910

## GESAMENTLIKE PERSVERKLARING

### SACU-LEDE ONDERTEKEN WEDERSYDSE ERKENNINGSREËLING

---

**Johannesburg, 31 Mei 2023** - Geakkrediteerde handelaars in Botswana, Eswatini, Lesotho, Namibië en Suid-Afrika sal voordeel trek uit laer handelskostes en vinniger omkeertye vir invoere en uitvoere, omdat 'n wedersydse erkenningsreëling vandag deur vyf ledestate van die Suider-Afrikaanse Doeane Unie (SACU) onderteken is.

Die hoofde van inkomste-administrasies in Botswana, Eswatini, Lesotho, Namibië en Suid-Afrika het ooreengekom om mekaar se invoerders en uitvoerders, wat die status van gemagtigde ekonomiese operateur (AEO) toegestaan is, te erken.

Handelaars wat AEO's in die SACU-streek is, sal voordeel trek uit geprioritiseerde hantering en verminderde administrasiekoste ten opsigte van doeaneklärings.

Die AEO-program is 'n vlagskip-vennootskap tussen doeane en besighede. Dit bevoordeel beide partye omdat dit 'n geleentheid bied vir doeane-owerhede om hul verantwoordelikhede met die privaatsektor te deel, en terselfdertyd beloon dit hulle met verskeie handelsfasiliteringvoordele.

Vennootskapsprogramme van hierdie aard, ten opsigte van handeldryf, sal inkomste-administrasies in staat stel om meer te bereik met minder moeite, met die doel om volhoubare en langtermyn vrywillige nakoming te verseker deur aansporings. Hierdie AEO's moet hoë gehalte interne operationele prosesse handhaaf en behoorlike rekord van nakoming hou, en sal daarvoor bepaalde voordele ontvang om hul besighede te ondersteun.

Die AEO-programme ondersteun internasionale nakomingsmodelle wat jeens 'n stelsel van verhoogde vrywillige nakoming werk. Dit vereis doeane om meer vertroue in handelaars te plaas wat kies om nakomend te wees.

Die hoofde van die SACU-inkomste-administrasies, het hulself verbind "om die beste in ons vermoë te doen om oorstreekse handeldryf te fasiliteer om die sukses van die Afrika-vasteland Vryehandelsooreenkoms te verseker, met verkenning van alle geleenthede en waaksam te wees om op alle risiko's te reageer".

"Dit is in ons, as leiers van die SACU-inkomste-administrasies, se hande om 'n sleutelrol te speel in die aansienlike vermindering van die hardnekkige oorblyfsels van armoede, ongelykheid en werkloosheid onder ons mense in ons streek en omliggend."

Die SACU-leiers het gesê dat hulle in vennootskappe glo om met en deur ander te werk om sodoende die hele handelekosisteem, ter ondersteuning van vrywillige

nakoming, te verbeter. “As SACU, het ons ‘n ambisieuse program van stapel gestuur om handelsfasilitering te verbeter,” het hulle bygevoeg.

Die SARS-kommissaris, Edward Kieswetter, het gesê dat “die AEO-program SARS se strategiese oogmerk jeens ‘n stelsel van vrywillige nakoming ondersteun. Dit vereis van SARS om meer vertroue te plaas in belastingpligtiges en handelaars wat kies om nakomend te wees. Die AEO-program doen presies dit! Die quid pro quo daarvan is ‘n vlak van akkreditasie, integriteit en vertroue wat wedersyds tussen die partye gebou is met tasbare voordele in die vorm van bespoedigde prosessering en ander maatstawe.”

Mnr. Kieswetter het bygevoeg dat vandag se ondertekening van die wedersydse erkenningsreëling handelsgeleenheid verder ‘n hupstoot sal gee en sal bydra tot egalige vloei van goedere tussen SACU-lande. Die reëling sal ook end-tot-end voorraadkettingsekuriteit, vir handeldryf in goedere, opskep, deur risikobestuur, van veelvoudige lae, aan te moedig en fasiliteringsvoordele aan geakkrediteerde handelaars te verskaf.

Tydens vandag se sessie, wat aan die publiek en pers oop was, het mnr. Kieswetter gesê dat doeane hulle twee aanvullende mandate moet uitvoer - die fasilitering van regmatige handeldryf en die afdwing van die land se wette.

“Hierdie is nie ‘n kompetisie nie, maar ons kan dit nie op ons eie doen nie - ons het julle, as die industrievennote en sakeleiers, nodig. Ons het ons mede-doeane-administrateurs nodig, omdat ‘n grens ‘n skeidende lyn tussen twee lande is, maar hawens van binnekoms ons lande verbind. Die AEO stel beide vennote in staat om saam te werk verby hul noue selfbelange.

“Ons moet verstaan dat die resultaat van ons werk die sosio-ekonomiese ontwikkeling van elke ledestaat moet wees, sodat elke Afrika kind, elke oumense en elke huishouding daaruit kan voordeel trek,” het mnr. Kieswetter gesê.

Die uitvoerende sekretaris van SACU, mnr. Thabo Khasipe, het gesê: “Die AEO-program word nou wedersyds deur SACU erken, sodat hierdie voordele kan strek na nakomende en geakkrediteerde besighede, om vaartbelyn bedrywig te kan wees oor grense tussen SACU-ledestate heen.”

Mnr. Khasipe moedig besighede aan om wedersydse voordelelike vennootskappe deur die AEO-program te vorm, sodat die streek ekonomiese voordele aan al sy burgers kan bied. “Dit is ‘n BBP-stelsel vir handeldryf wat ontwikkeling in die streek kan help,” het hy gesê.

Vir meer inligting, kontak: [sarsmedia@sars.gov.za](mailto:sarsmedia@sars.gov.za)

Me. Kungo Mabogo

SACU-sekretariaat

Kommunikasiebestuurder

E-pos: [info@sacu.int](mailto:info@sacu.int)

Selnr: +264811468385

Page 2 of 2